

## PAASFEES SAAM MET DIE LYDENDE KERK

“Die boodskap van Paasfees is een van hoop, liefde en oorwinning. Ons wil hierdie boodskap met ons kykers deur ons Paasprogramme deel,” vertel Uitvoerende Direkteur, Panayiotis Keenan.

Baie nuwe gelowiges in Iran staan gevaar om op grond van hul geloof vervolgt te word; dit is verbode en dikwels gevaarlik om ’n kerkdiens by te woon of Paasfees te vier. Die ondergrondse kerk is noodsaak om in klein groepies bymekaar te kom om die risiko te verminder.

Indien sulke geheime groepies ontdek word, word hulle dikwels uit skole, werk en gemeenskap uitgebán of selfs gearrester. Baie gelowiges woon nie meer huiskerk byeenkomste by nie, want berigte van Christene wat op grond van hul geloof arrester word, is algemeen.

“Geïsoleerde Persiese gelowiges wil graag deel wees van die Kerk in die viering van Christus se opstanding, en SAT-7 PARS bied hulle geleentheid hiertoe,” sê Keenan.


“Die kruis is die fondament van ons geloof. Dit is belangrik om programme aan ons kykers te bied wat verduidelik en ons herinner aan die Here se soenoffer.”

“Ons kykers weet moontlik wat Paasfees beteken, maar wat is hul reaksie daarop? Watter impak het die opstanding van Jesus in hul daaglikse lewens, en groei hulle geestelik?” vra Pastor Milton, terwyl hy kykers uitdaag in die weeklikse SAT-7 PARS program, *Ons Omgewing*.

Pastor Milton bedien ook Nagmaal in die regstreekse uitsending van die Paasprogram en nooi kykers om deel te neem. Die viering is betekenisvol, nie net omdat dit Paasfees is nie, maar veral omdat baie gelowiges nie in staat is om in hul eie land of taal Nagmaal te vier nie. “Dit skep ook vir ons kykers die geleentheid om eenheid met ander gelowiges wêreldwyd te ervaar.”

Die programme wat SAT-7 PARS gedurende Paasfees uitsaai gee aan kykers ’n dieper insig oor die betekenis van Paasfees en moedig hul aan om Paasfees nie net uit tradisie te vier nie.

• **“My gebed hierdie Paasfees is dat ons kykers Jesus se opstandingskrag in hul lewens sal ervaar, geestelik groei en Christus se lig laat skyn,” sê Keenan.**



# Gebeds † Nuus

April 2019

MAAK  
HOOP  
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:  
southafrica@sat7.org  
+27(12)807 2763  
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399  
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2019 SAT-7  
www.sat7sa.org  
www.sat7.org  
www.sat7uk.org

## BYBEL KOMMENTAAR MYLPAAL

### VIR ARABIESE WÊRELD

Wat is die Bybel se boodskap vir die mense in die Arabiese wêreld in die spesifieke omstandighede van vandag? Watter riglyne bied dit aan Christene in Arabiese gemeenskappe?

Hierdie is maar enkele vrae wat die unieke nuwe Bybel Kommentaar, waarvan die bekenstelling deur SAT-7 gedek is, poog te beantwoord.

*Die Arabiese Kontemporêre Kommentaar op die Bybel* (ACCB) is die vrug van tien jaar se samewerking tussen teoloë van Egipte, Irak, Jordanië, Koeweit, Libanon en die Palestynse gebiede.

In ’n streek waar slegs enkele Christelike boeke in Arabies, geskryf deur mense wat die Arabiese konteks begryp, bestaan, is hierdie kommentaar die vervulling van ’n droom.

“Hierdie kommentaar is ’n droom van elf jaar gelede waar ons gehoop het op ’n kommentaar wat die moderne Midde-Ooste aanspreek,” verduidelik Dr Andrea Zaki, President van die Protestantse Kerke in Egipte.

“Hierdie kommentaar verduidelik nie net die Bybelteks nie, dit is ook ’n interpretasie van die Bybelteks in die konteks van ons lewe vandag. Dit is ’n toepassing op ons daaglikse lewe en hulp om die verskillende uitdagings te hanteer.”

“Die lesers van hierdie boek is ook nie beperk tot Christene nie,” beklemtoon Dr Zaki. “Hierdie boek is geskryf vir elkeen wat Arabies praat uit verskillende kulturele of godsdienstige agtergronde. Die taalgebruik is verstaanbaar deur die gemiddelde leser.”

Met die oog op die toekoms, getuig hy voorts: “Ons doel is dat die Bybel die Kerk verander sodat die Kerk onder God se leiding die samelewing kan verander. Ons hoop en gebed is dat hierdie Arabiese Kontemporêre Bybel ’n onskatbare, betroubare bron vir almal sal wees wat die Bybel lees, onderrig en preek.”

- **Loof God vir die Arabiese Bybel Kommentaar.**
- **Dank God vir die baie teoloë van verskillende lande wat saam aan die projek gewerk het.**
- **Bid God se seën op hierdie Kommentaar.**



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN JORDANIË

“Ek wil teruggaan Irak toe, maar alles is vernietig. Nou hoop ek, as moeder, om VSA toe te gaan en in vrede saam met my seuns en kleinseuns te leef. Wanneer ek dan sterf, sal dit in vrede wees want ek kon my kinders sien opgroei.”

## KYKER IN DIE MIDDE-OOSTE

“Ek was altyd vol haat en is deur ’n ekstremiste groep opgelei. Ek het per abuis op jul kanaal afgekom en ’n saadjie is in my hart geplant. Ek het vol berou my lewe vir Christus gegee. Bid vir ander jong mans soos ek.”

## KYKER IN OMAN

“My broer en ek het nie ’n kerk nie. Ons voel asof ons die enigste Christen familie in ons land is. Bid dat ons ander Christene kan ontmoet.”

## KYKER IN EGIPTE

“Ek verafsku die geweld in die naam van godsdiens en soek desperaat na ware geloof en hoop. Bid vir my en my familie in ons soeke na die waarheid.”

Met arrestasies van Christene wat toeneem in sekere dele van die Midde-Ooste en Noord-Afrika, bid vir moed, wysheid, beskerming, geregtigheid en ’n effektiewe getuienis vir almal wat ly ter wille van hul geloof.



## HOOP TEN SPYTE VAN VERVOLGING

“Ek wil julle graag bedank dat julle ons in jul gebede onthou. Dankie dat julle hierdie gebede en teksverse weekliks vir ons op ons persoonlike sosiale media blaai plaas. Dit is ’n bron van groot ondersteuning vir ons! Dit is werklik harts-verblydend om te weet ons het broers en susters wat ons in hul gebede en gedagtes onthou. Wat ’n seën! Elke enkele woord in hierdie gebede is kosbaar vir my omdat dit my help om die dag te begin met die wete dat ek geseënd is.

Julle het geen idee hoeveel jul teenwoordigheid en wat jul doen, ons help om te volhard deur al die ellende en vervolging nie. En hoeveel dit ons geloof versterk hier in Iran. Ek dank die Here Jesus Christus vir julle.

Ons het God se hoop nodig. Mag God julle seën.”  
– Hooman, ’n kyker in Iran.

Terwyl Christene oor die wêreld Paasfees in hierdie dae vier, onthou broers en susters in Christus wat vervolgd word vir hul geloof. Bid dat gelowiges in die MENA vryheid sal hê om openlik te aanbid, sonder vrees vir vervolging van owerheid, vriende en selfs familie.



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN TURKYE

“My familie, selfs my kinders, wil niks met my te doen hê nie, op grond van my geloof in Christus. Bid vir my eensaamheid en dat my familie Jesus sal ontmoet.”

## KYKER IN DUBAI

“Julle geloof is ’n getuienis wat God verheerlik. Ek bid dat julle altyd in staat sal wees om die vreugde en liefde van God te weerspiceël.”

## KYKER IN IRAN

“Dankie vir die Bybel wat julle gestuur het. Ek was ’n tronkbewaarder en getref deur ’n Christen gevangene se eerlike getuienis. Moenie ophou om vir Christen gevangenes te bid nie.”

## SIRIESE VLUGTELING IN LIBANON

“My dogtertjie hoor die lofliedere op jul kanaal, lig haar handjies en wil ’n sangeres word. My ander dogter wil ’n dokter word, maar kan nou nie eens skool toe gaan nie. Bid dat hul drome vervul sal word.”

Pleit by God vir vryheid vir gelowiges in die Midde-Ooste en Noord-Afrika om Hom openlik te kan aanbid in gees en waarheid.